

Kruipvoer vir Kalwers

Nuusbrief – September 2018

Frederick van der Walt

Gedurende die eerste paar maande van die kalf se ontwikkeling is die rumen van 'n kalf nog nie ten volle ontwikkel nie en besit die kalf nog nie die vermoë om ruvoer te verteer nie. Die kalf is so te sê monogastries totdat die rumen ontwikkel. Al het die kalf reeds vier pense word die rumen uitgesluit en voedingstowwe word verteer in die melkpens (abomasum).

Indien die weiding beperk is en daar 'n goeie kans is dat die koeie skraal met die aanvang van die paarseisoen sal wees, sal kruipvoeding

help om die massaverlies van die koei te beperk, wat 'n hoër kalfpersentasie tot gevolg kan hê, in die volgende paar seisoen.

Met kruipvoeding kan die kalwers óf swaarder gespeen word óf hulle kan vroeër gespeen word. Kruipvoeding neem normaalweg 'n aanvang op 2½ tot 3 maande ouderdom van die kalwers en word tot speen gevoer. Voeding kan vir nog 'n paar weke na speen volgehou word om speenskok te verminder.



Hoogte van tralie: 1 – 1.4 m

Voordele van kruipvoer:

- Bevorder die ontwikkeling van die rumen
- Kalf word vinniger gewoond gemaak aan droë voer
- Kalwers kan vroeër gespeen word
- Koeie herstel vinniger na die kalfperiode weens die laer massaverlies
- Kalwers bereik hoër speengewigte

Hier is inligting van 'n Kruipvoer proef wat Feedmaster op die plaas Autabib naby Dordabis in Namibië gedoen het gedurende 2017

Kruipvoeding resultate te Autabib

Periode: 20 Oktober 2017 tot 25 Januarie 2018; 89 dae uitgesluit die aanpassingsperiode

Voer: Rumen Optimizer (**Veekos Kruipvoer**)

Tabel 1: Koeie in kontrolegroep (gemiddelde syfers)

Koeie beginmassa (kg)	Koeie eindmassa (kg)	Massaverskil	Koeie begin kondisietelling	Koeie eind kondisietelling
422.4	413.9	-8.5	4	4

Tabel 2: Koeie in kruipvoergroep (gemiddelde syfers)

Koeie beginmassa (kg)	Koeie eindmassa (kg)	Massa verskil	Koeie begin kondisietelling	Koeie eind kondisietelling
435.3	428.1	-7.2	4	5

Tabel 3: Kalwers in kontrolegroep (gemiddelde syfer)

Kalwers	Kalwers beginmassa (kg)	Kalwers eindmassa (kg)	Massa verskil	GDT* oor 89 dae (kg)
Verse	136.2	181.3	45.1	0.45
Tollies	140.5	186.9	46.4	0.52

*Gemiddelde daglikse toename

Tabel 4: Kalwers in kruipvoergroep (gemiddelde syfer)

Kalwers	Kalwers beginmassa (kg)	Kalwers eindmassa (kg)	Massa verskil	GDT* oor 89 dae (kg)
Verse	153.7	232.6	78.9	0.78
Tollies	168.9	249.8	80.9	0.91

Tabel 5: Kosteberekening van kruipvoertoets

Totale voerverbruik (kg)	Voer gevreet / kalf / dag (kg)	Voerkostes / kg voer (R)*	Koste per kalf / dag (R)	Voerkoste / kalf oor periode	Vleisprys (Jan 2018)	Gemiddelde vleis aangesit (kg)	Waarde toegevoeg (R)	Wins per kalf (R)
2700	2.02	4.71	9.5	845.5	30	57.1	1710	864.5

* Sluit kostes op die plaas in soos vervoer vir die proef.

